

MAXINET GEDRAGSKODE

MAXINET aanvaar en onderskryf hierdie gedragskode vir billike praktyk wat dien as maatstaf vir gedrag voorgeskryf in die handeling met individuele verbruikers.

SLEUTELONDERNEMINGS

Maxitec onderneem die volgende:

1. Om billik, redelik en verantwoordelik op te tree in alle transaksies met kliënte;
2. Te verseker dat alle dienste en produkte voldoen aan spesifikasies soos vervat in ons lisensies en in alle toeplasilike wette en regulasies;
3. Nie onbillik te diskrimineer teen kliënte op grond van ras, geslag, ouderdom, godsdiens, gestremdheid, etniese agtergrond of seksuele oriëntasie nie;
4. Om hoflik te wees en omsigtigheid aan die dag lê in onderhandelings met kliënte;
5. Kliënte met die nodige inligting te voorsien aangaande dienste en pryse;
6. Op aanvraag, en indien versoek, kliënte van raad te bedien afhangend van hul behoeftes;
7. Persoonlike inligting van kliënte vertroulik te hanteer;
8. Om kliënte in te lig oor hul reg om klagtes na Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (OKOSA) te verwys.

VERBRUIKERSREGTE

Ons erken die volgende regte van kliënte aan wie ons dienste lewer:

1. Die reg om voorsien te word van die nodige diens sonder onbillike diskriminasie;
2. Die reg om 'n diensverskaffer van eie keuse te kies;
3. Die reg om inligting te ontvang in 'n taal van voorkeur;
4. Die reg tot toegang tot rekords en inligting wat deur die diensverskaffer gehou word;
5. Die reg tot die beskerming van kliënte se persoonlike inligting, insluitend die reg om geen persoonlike inligting aan derde partye te verkoop sonder die nodige toestemming nie;
6. Die reg om 'n nommer te skuif binne aanvaarbare dienspraktyke;
7. Die reg om 'n klag in te dien, en
8. Die reg op 'n regstelling.